Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND
APRIL 2024
Bulletin
#overstrand4all
Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand
#C4ourself

Posbus 20, Hermanus 7200

Telefoon

Hermanus	028 313 8000
Gansbaai	028 384 8300
Kleinmond	028 271 8400
Stanford	028 341 8500
24-uur-beheerkamer	028 313 8000/8111
Brandweer	028 312 2400

BYKOMENDE GRONDWATER KAN MOONTLIKE WATERNOOD IN HERMANUS VERHOED

BOORWERK LEWER BELOWENDE RESULTATE

Ingevolge sy goedgekeurde watergebruiklisensie om grondwater in die Hemel-en-Aarde-vallei te ontgin, is omgewingsmagtiging aan Munisipaliteit Overstrand verleen om bykomende boorwerk in die omstreke van Camphill en Volmoed te onderneem.

Die voorneme hier is om afhanklikheid van die De Bos-dam as die vernaamste bron wat water in groot maat aan Hermanus lewer, te verminder deur die volle voordeel te put uit die watergebruiklisensies wat reeds toegestaan is.

Sedert magtiging in November 2023 verleen is, is twee boorgate gesink: een tot 'n diepte van 200 m in die Camphill-omgewing en nog een tot 'n diepte van 179 m in die Volmoed-omgewing. Aanvanklike aanduidings is dat beide boorgate goeie produksie kan lewer.

Let egter daarop dat die volhoubare onttrekking slegs bepaal kan word nadat gedetailleerde pomptoetse teen verskillende vloeitempo's, gevolg deur toetse teen konstante tempo, afgehandel is.

As dit uit die toetsresultate blyk dat onttrekking uit die boorgate haalbaar en volhoubaar kan wees, sal die ontwerpproses 'n aanvang neem.

Die proses om elektrisiteit aan die boorgate te voorsien en items soos verbinding-pypleidings, pompe en moniteringstoerusting aan te koop en vir die bedryf van die boorgate te installeer, kan slegs begin nadat die ontwerp afgehandel is. Die nuwe boorgate sal ook by die Departement van Water en Sanitasie geregistreer moet word.

Wanneer beskikbaar sal opgedateerde inligting in hierdie verband via die munisipaliteit se normale kommunikasiekanale openbaar gemaak word.

Terloops, Munisipaliteit Overstrand se ontrekking van grondwater word deurlopend gemoniteer aangesien sy lisensie om grondwater te ontgin, onderworpe is aan die voorwaarde dat verslae op 'n sesmaandelikse grondslag aan alle regulerende owerhede, met inbegrip van die Hermanus Moniteringskomitee, voorgelê word.

PUT JY GENOT UIT 'N BOTTEL GOEIE WYN?

NIKS FOUT DAARMEE NIE, MAAR **MOENIE DIE LEË EEN WEGSMYT NIE!**

Suid-Afrikaanse wyne raak ongetwyfeld al hoe meer populêr en hoe gelukkig is ons nie om sommer om die draai van talryke wêreldbekende wynkelders te woon nie!

In 'n poging om sy koolstof- en afval-spoor te verklein, doen die groeiende wynbedryf alles in sy vermoë om te verseker dat gebruikte glaswynbottels vir solank as moontlik in sirkulasie bly om sodoende te verhoed dat daardie leë bottels op die ashoop beland.

Hierdie inisiatief word ten volle deur Munisipaliteit Overstrand ondersteun aangesien dit ook in ons belang is om die stroom afval wat by die Karwyderskraal- en Gansbaai-vullisterrein beland tot 'n minimum te beperk.

Munisipaliteit Overstrand bedryf twee fasiliteite om afvalmateriaal te herwin: een in Hermanus en een in Gansbaai.

Volgens beide fasiliteite tel glas, koerante, plastiekwaterbottels, melkkartonne, graanvlokkiebokse, blikke en kartonhouers onder die items wat meestal deur hulle gesorteer en gebaal word.

Hulle het ook aangetoon dat hulle heel gemaklik glaswynbottels kan skei van die ander herwinbare items wat in deursigtige sakke aan hulle gelewer word en dat hulle tans gemiddeld net bietjie meer as twintigduisend bottels per maand herwin.

Die herwonne wynbottels word na 'n fasiliteit herlei waar hulle gewas word. Daarna word hul etikette deur 'n toegewyde span verwyder en vir defekte nagegaan. As dié span hulle geskik vir hersirkulering bevind, word die skoon wynbottels aan kelders vir hergebruik terugbesorg. Daardie wat nie die toets slaag nie, word volgens die normale prosesse herwin.

Aangesien beide fasiliteite aangetoon het dat hulle oor die kapasiteit beskik om heelwat meer leë wynbottels te herwin, moedig ons diegene wat restaurante/eetplekke bedryf aan om groot hoeveelhede leë wynbottels aan hul naaste afvalherwinningsfasiliteit te besorg.

Hierdie fasiliteite is oop op weeksdae van 08:00 tot 17:00 en tot 14:00 op openbare vakansiedae wat op weeksdae val om herwinbare afval van die publiek te ontvang. Herwinbare afval kan ook op Saterdae van 09:00 tot 16:00 by die fasiliteite afgelaai word.

Inwoners kan van hul leë wynbottels ontslae raak deur hulle bloot by die ander herwinbare huishoudelike items in die gebruiklike deursigtige sak in te sluit. Elke deursigtige sak wat deur 'n huishouding op die geskeduleerde afvalverwyderingsdag uitgeplaas word, sal gratis met 'n nuwe een vervang word.

Ons doen 'n beroep op alle wynliefhebbers om hulle volle ondersteuning te bied aan dié bedryf se pogings om te verhoed dat glaswynbottels op die ashoop beland. Help ons om daardie bottels vir so lank as moontlik in sirkulasie te hou, asseblief.

MUNISIPALITEIT OVERSTRAND TEL WEER EENS ONDER TOPVYF-PRESTEERDERS IN SUID-AFRIKA

Volgens die regeringsprestasie-indeks vir 2024 wat pas deur Good Governance Africa bekend gestel is, word Munisipaliteit Overstrand as die derde beste mediumgrootte (B2-) munisipaliteit in die Wes-Kaap geag. Voorts word dit as die vyfde beste munisipaliteit in die land geag. In die B2-kategorie het Saldanhabaai die eerste plek behaal, gevolg deur Breedevallei en dan Overstrand. Die munisipaliteit het dieselfde aanslag in 2023 ontvang.

Good Governance Africa evalueer alle munisipaliteite en metro's gegrond op vier kategorieë:

1. Administrasie en regering
2. Leierskap en bestuur
3. Beplanning, monitering en evaluasie
4. Dienslewering

Ten einde sy prestasie in die toekoms te verbeter, sal Munisipaliteit Overstrand die verslag omsigtig bestudeer, met spesifieke verwysing na die 40 indikatore wat gebruik is om munisipaliteite te beoordeel.

Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, was in haar noppies dat Overstrand in die algemeen so goed presteer het: "Ons verwelkom hierdie tipe navorsing aangesien dit help om rade se oorsigrol te verbeter en betrekking het op goeie regeringsbestuur en dienslewering wat van kritieke belang is om stabiliteit op plaaslike vlak as die regeringsfeer wat die naaste aan die mense is, te verseker."

Overstrand Biblioteke vier vandeesmaand Nasionale Biblioteekweek deur verskeie aktiwiteite en boekuitstallings aan te bied. Besoek hulle gerus.

NOODKRAGOPWEKKERS
AL 11 DRAF NOU FLUKS

Kragopwekker by die Baardskeerdersbos-waterbehandelingsaanleg nou in volle bedryf

Die kragopwekker wat by die Stanford-produksieboorgat geïnstalleer is

Die laaste van die elf rugsteunkragopwekkers wat bekom is om Munisipaliteit Overstrand se mees kritieke water- en afvalwaterfasiliteite teen langdurige kragonderbrekings te beskerm, is nou geïnstalleer en loop vlot.

Die totale koste om al elf noodkragopwekkers te bekom, te installeer en in bedryf te stel, het na aan R12 m beloop, waarvan ongeveer 60% deur die Wes-Kaapse Regering se reserwefonds vir onvoorsiene en onafwendbare gebeure befonds is. Die balans is deur Munisipaliteit Overstrand uit eie fondse betaal.

Om onderbrekings in die lewering van basiese dienste as gevolg van kragonderbrekings te voorkom, is die kragopwekkers geïnstalleer in ***Groter Gansbaai*** by die Baardskeerdersbos-afvalwaterbehandelingsaanleg, De Kelders-waterbehandelingsaanleg, De Kelders-Klipgatfonteinpompstasie, Gansbaai-afvalwaterbehandelingsaanleg, Kraaiboschdam-grootmaat-rouwaterpompstasie, Pearly Beach-waterbehandelingsaanleg en Stanford-produksieboorgat; in ***Groter Hermanus*** by die Mosselrivier-rioolpompstasie; en in ***Kleinmond*** by die Tennisbaan-rioolpompstasie, waterbehandelingsaanleg en die Palmietrivier-rouwater-aanjapompstasie.

TENDER VIR ONTWIKKELING VAN DE MOND-OORD TOEGEKEN

Voorheen bedryf as 'n karavaanpark, is die tender vir die ontwikkeling van die De Mond-oord in Voëlklip vroeg in Maart 2024 aan Point Caravan Resort (Edms.) Bpk. toegeken.

Die volgende stap is om oor die huur- en diensvlakooreenkomste te onderhandel en om toe te sien dat alle betrokke partye na behore tot hierdie ooreenkomste instem.

Weens die kompleksiteit van die huureenkoms is dit nie moontlik om in hierdie stadium aan te dui presies wanneer hierdie stap gefinaliseer sal wees nie.

Sodra die huurooreenkoms onderteken is, sal die suksesvolle tenderaar met die proses kan begin om die oord ooreenkomstig die ingediende ontwikkelingsplan te ontwikkel.

Die tenderaar sal 'n tydperk van twee jaar gegun word om al die nodige goedkeurings te verkry en met die ontwikkeling te begin.

Wanneer beskikbaar, sal alle opgedateerde inligting in hierdie verband via die munisipaliteit se normale kommunikasiekanale openbaar gemaak word.

De Mond-oord, naamlik gedeelte 5237 van erf 4831, Hermanus, Voëlklip

STONY POINT-PLANKPAADJIE HEROPEN

Ná voltooiing van omvattende herstelwerk is die plankpaadjie wat deur die pikkewynkolonie by Stony Point in Bettysbaai kronkel, weereens daagliks vanaf 08:00 tot 16:30 vir die publiek toeganklik.

Die Stony Point-natuurreservaat is die tuiste van 'n unieke kolonie brilpikkewyne, en die plankpaadjie bied 'n geleentheid om hierdie (nou) bedreigde voëls se daaglikse doen en late in hul natuurlike habitat te beskou sonder om hulle te steur.

Die reservaat wat deur CapeNature bestuur en bedryf word, is op dieselfde perseel as die ou Waaygat-walvisstasie wat in die vroeë tot middel-1900's gebruik is om walvisvleis te verwerk. Oorblyfsels van die masjinerie en infrastruktuur eie aan hierdie bedryf wat al vir jare uitgedien is, kan steeds duidelik op die perseel onderskei word.

Benewens die pikkewyne, broei drie kormorantspesies – die kuifkopduiker, trekduiker en bankduiker – op die reservaat se buitenste rotse.

Toegangsgelde van R30 per volwassene en R20 per kind ouer as drie jaar is by die toegangshek betaalbaar.

MUNISIPALITEIT SE POSISIE RAKENDE VERBINDING VAN KUSPAADJIE BY POOLE SE BAAI

Sedert dit rugbaar geword het dat beide die Cliff Path Action Group en die Poole's Bay-inwonersvereniging hofaansoeke ingedien het rakende die konstruksie van die gedeelte van die Hermanus-kuspaadjie by Poole se Baai, word die Burgemeester en raadslede oorval met versoeke om kommentaar oor hierdie sake te lewer.

Munisipaliteit Overstrand is gedagvaar om as 'n respondent in beide sake, wat nou voor die hof dien, te verskyn.

Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, het die versekering gegee dat die administrasie in sy hantering van hierdie aangeleentheid steeds die gemeenskap se belange voorop sal stel.

"Dit is belangrik dat die administrasie sy onpartydige posisie handhaaf en die reg toelaat om sy gang te gaan," het sy gesê. "Om vanselfsprekende redes kan ons nie op hierdie tydstip met enigeen oor hierdie onderwerp in gesprek tree nie en sal dit waardeer as die publiek hulle daarvan sal weerhou om kommentaar te probeer ontlok totdat die hofsake afgehandel is."